# DIE SKIETLOOD

182ste Uitgawe 18 September 2020
saam met Koersvas 182

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

Artikel 12 **Teks**: *Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur verskillend en nie vir almal in gelyke mate nie. Hierdie versekering ontvang hulle nie as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. Hulle ontvang die sekerheid egter as hulle in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waarneem. Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is die ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid, ensovoorts (2 Korintiërs 13:5).*

**Kommentaar**: Nie net is die uitverkiesing God se inisiatief nie, die openbaarmaking daarvan is ook in Sy se hande. Die mensdom sou so graag die lys van uitverkorenes wou sien, so baie mense sal graag hulle status bekend wou maak. Daar is baie gelowiges wat die versekering soek dat hulle uitverkore is. Hoe maak God dit bekend? Aan wie maak God dit bekend? Meer persoonlik gestel: Hoe weet ek dat ek een van die uitverkorenes is? Hierdie artikel spreek sekere van die mens se onsekerhede aan.

Die rede vir hierdie menslike onsekerheid kan deels by die sonde gevind word. Gelowiges se lewens word gekenmerk deur die stryd teen die sonde. Die aanvalle is soms fel, en ons struikel so baie kere. Dit is eers by die afsterwe van die gelowige wat hierdie stryd vir daardie gelowige persoonlik verby is. In die verbygaan moet gestel word dat die innerlike stryd oor verlossing eie aan gelowiges is. Ongelowiges het nie innerlike konflik in terme van uitverkore wees of nie. Dit is net Christene wat daarna streef om God se Wet te gehoorsaam en dan telkens gekonfronteer word met hulle eie onvermoë om die Wet te gehoorsaam. Hierdie innerlike stryd, gekoppel aan onbybelse prestasie-gedagtes, maak dat Christene in onsekerheid oor hulle eie lewens en saligheid wonder. Die kultuur van prestasie maak dat Christene dink dat hulle "goeie" lewens en optredes gaan maak dat hulle die saligheid bekom. Die omgekeerde is eintlik waar, en hierdie artikel spreek hierdie saak aan. Solank die mens intern soek na sekerheid, sal die mens in onsekerheid vasgevang bly. Sekerheid oor ons saligheid kan net buite ons eie wese gevind word.

Die eerste saak wat duidelik gestel moet word, is dat dit God is wat gelowiges van hulle saligheid verseker. Dit is nie aan die hand van 'n kontrolelysie, ander mense se opmerkings of eie gevoelens dat ons van hierdie ewige saligheid verseker word nie. Dit is deur God self wat gelowiges die versekering ontvang,

deur die een wat hierdie saligheid bewerkstellig het. God doen dit op Sy eie tyd. Dit is die tweede punt; God gee aan ons die sekerheid, nie wanneer ons voel dat ons dit nodig het nie, maar op Sy tyd. Daarmee saam doen God dit op Sy manier nie soos ons dit graag sou wou hoor of voel nie. Wat kan ons met sekerheid stel oor die saligheid-sekerheid wat ons van God ontvang?

Dit gebeur verskillend - Daar is geen standaard gebeurtenis waarheen ons kan wys nie. Daar is nie die een of ander standaard vergulde lys wat aan almal vir verwysing beskikbaar gestel word nie. Net soos ons van mekaar verskil, so ook verskil die maniere waarop ons deur God van ons uitverkiesing verseker word. Enige poging om 'n standaard (of pro forma) versekering aan te dui, is gedoem tot mislukking.

nie vir almal in gelyke mate nie - nie net is daar geen standaard ervaring, gebeurtenis of lys is wat sondaars van hulle uitverkiesing verseker nie, daar is ook nie 'n standaard mate in terme van sekerheid wat uitgedeel word nie. Daar is mense wat hulle lewe lank in die diepste put van onsekerheid worstel oor hulle ewige saligheid, terwyl ander weer met groot sekerheid en rustigheid oor die ewigheid kan praat. Dit beteken nie dat daar grade van saligheid is nie. Daar is net grade van sekerheid oor die saligheid. Inteendeel, dit is moontlik vir sondaar mense om van die kruin van sekerheid te val na die diepe put van onsekerheid. Die uiteindelike uitverkiesing is nie afhanklik van die wispelturigheid van die menslike gemoed nie, die sekerheid word deur God gewaarborg en verskillend aan verskillende mense duidelik gemaak.

Hierdie versekering ontvang hulle nie as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. - Sekerheid aangaande die uitverkiesing is nie iets wat gesoek kan word nie. Daar was nog altyd mense wat hulle verdiep het in die verborgenhede van die Here. Dit is waar dat iemand wat ernstig besig bly met die Woord van God, beter insigte kry as diegene wat sommer net in die verbygaan kennis neem van dit wat in die Bybel staan. Die uitverkiesing en die sekerheid daaroor is nie te soeke of te vinde in die diepste verborgenhede van God nie. Anders gestel; diepe ondersoek oor verborgenhede gaan geen inligting oor die uitverkiesing oplewer nie.

Hulle ontvang die sekerheid egter as hulle in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waarneem. Terwyl die Bybel nie direk, of op verskuilde manier, aan die mens sekerheid gee nie, kan gelowiges tog (in mindere of meerdere mate) sekerheid ervaar oor hulle eie uitverkiesing. Hierdie sekerheid kan afgelei word: God se Woord vertel ons nie waar ons sekerheid kan kry nie, maar vertel ons wel dat ons sekerheid kan ervaar wanneer ons kyk na die vrugte van geloof, soos dit in die Woord van God aangedui word. Deur dus na ons eie lewens te kyk, kan ons juis in ons eie lewens leidrade tot sekerheid rakende uitverkiesing vind. Ons kan nie na mekaar kyk nie. Ons kan elkeen net in

ons eie lewens ondersoek instel en in ons eie ervarings sekerheid afleidings maak. Dit dien weer gestel te word: Die Uitverkiesingsleer is nie 'n instrument in die hand van die sendeling nie, dit is 'n leerstuk wat onder gelowiges bespreek en oordink word. Enige gesprek buite die geloof om aangaande hierdie saak is sinneloos. Ons kan nie eens mekaar direk die saligheid waarborg nie, ons kan net uit die Woord van God saligheid verkondig aan die hand van die vrugte van geloof. Die vrugte van die uitverkiesing is onfeilbare aanduiders van redding. God wys ons watter vrugte hierdie uitverkiesing (waarvan ons seker mag wees), aan ons duidelik maak. Ons kan dit met vreugde in ons eie doen en late terugvind. Wat presies is hierdie vrugte wat absolute sekerheid aan ons bring?

*Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is die ware geloof in Christus,* - Die eerste en waarskynlik belangrikste vrug van die uitverkiesing is geloof. Ons hoef nie hier in die debat aangaande die kronologie van die koms na geloof verstrengel te raak nie. Ons kan net - elkeen afsonderlik - na ons eie geloof kyk. Diegene wat glo, is verseker dat hulle deur die Here deel is van die saligheid waarheen ons almal strewe. Ware geloof in Christus is die antwoord op Johannes 3:16 wat sê *" God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê*." Daarmee saam waarborg Romeine 10:9 "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.* " Dit is so eenvoudig soos dit; wie glo, kan uit die feit dat hy of sy glo, weet dat hy/sy uitverkies is. Geloof is die waarmerk, die garansiemerk, wat aan elke gelowige die sekerheid van eie saligheid bring. Die feit dat jy glo in Jesus Christus, is die bewys dat jy uitverkies is. Die probleem is dat ons somtyds twyfel.

*die kinderlike vrees van God,* - Naas geloof is daar ook ander waarmerke wat gelowiges kan koester as anker in die stryd teen die woeste aanvegtinge van onsekerheid. Die vrese van God is 'n volgende waarmerk. Wat beteken dit om in kinderlike vrees van God te lewe? Hierdie vrees het niks met angs, onsekerheid of bewing te make nie. Dit is nie 'n vrees wat verlam of vervreem nie; maar om met groot eerbied en ontsag besig te wees. Die term wat die meeste gebruik word in die Ou Testament is "*יִרְאָה - yir'âh*"; eerbied en respek in morele konteks, respekvol. Die woord verskrikking "*פַּחַד - pachad"* word 49 keer gebruik; dit verwys na die objek van vrees. Die Griekse woorde wat gebruik word in die *Septuagint* (LXX) en die Nuwe Testament is *εὐλαβέομαι* en *φοβέω*, met laasgenoemde as die een wat die meeste gebruik word beide in die LXX en die Nuwe Testament.. Albei woorde kan met "vrees" vertaal word. Om vrees beter te verstaan, kan ons eers *φοβέω* self ondersoek.

Uitdrukkings wat die betekenis-groep van *φοβέω* bevat, verwys na menslike reaksie op mag. Die reaksies kan verskil van spontane angs en vrees aan die een kant tot by eer en respek aan die ander kant. Hierdie spektrum van reaksie: Van angstigheid tot eerbied, wys heen na

nadenke, na refleksie oor die fenomeen (verskynsel) waarop die mens reageer. Hierdie refleksie is nooit net 'n konteksvrye nadenke nie, dit kan in alle waarskynlikheid verbind word aan die menslike bestaan en voortbestaan. Anders gestel; wanneer 'n mens met mag (in watter vorm ookal) gekonfronteer word, oordink die mens sy voortgesette bestaan in die lig van dit waarmee die mens gekonfronteer word. Die mens sien die leeu, besef dat hy die leeu se volgende maaltyd kan wees en vrees daarom die leeu. Sy optrede word dan ook deur hierdie vrees bepaal.

Opvallend in die Nuwe Testament is die talryke gebruik van "vrees" wanneer daar van 'n epifanie (openbaring of verskyning, of optrede van 'n Goddelike persoon) vertel word. Die geboorte aankondiging, die stilmaak van die storm, die verheerliking op die berg en die verskyning na die opstanding dien as enkele voorbeelde. In hierdie vertellings word die mens geleer om positief in terme van geloof en gehoorsaamheid te reageer op die ontmoeting met God.

Daarteenoor staan die vrees van die ongelowige wat die verskyning van die Here met angs moet vrees. God se verskyning beteken die bose se verdwyning.

So verstaan, het vrees met die eksistensie (bestaan en voortbestaan) van die mens te make, positief en negatief geformuleer.

Ons reaksie op die eksterne - kom ons noem dit hier "mag" - bestaan uit verskeie stappe. Die mens formuleer in homself die aard van die "mag", die impak wat die "mag" op hom het of kan hê en formuleer dan in sy denke die ideale optrede in reaksie tot hierdie "mag". Hierdie vrees kan redelik wees, en dit kan ook sonder rede bestaan. Mense se interpretasie van die mag (bedreiging) is nie noodwendig voorspelbaar nie. "Vrees" kan ondersoek word in terme van intellektuele aktiwiteite, emosionele prosesse en selfs onbewuste onderstrominge van die menslike denke - dit is 'n begrip wat gebruik word om baie komplekse ervarings en denke van die mens te verwoord.

Die stelling dat gelowiges kan weet hulle is uitverkore weens hulle kinderlike vrees vir die Here is daarom 'n ingewikkelde stelling. Die raamwerk sluit die volgende in: Menslike reaksie, die persoonlikheid van die persoon, die redelikheid van die nadenke. Die vrees vir die Here kan binne hierdie raamwerk tog omskryf word deur enkele sake uit te lig.

- Dit is 'n positiewe reaksie op die Almagtige wat beheer het oor lewe en dood.
- Vrees is in hierdie konteks 'n positiewe relasionele (verhoudings) begrip wat die mens se eerbied vir God aandui.
- Vrees vir die Here erken dat hierdie Almagtige God die mens liefhet en kies om 'n positiewe impak op die mens se bestaan in verhouding tot die ewigheid te hê - God gee in Christus aan ons die ewige lewe.
- Vrees vir die Here beteken dan om in dankbare ontsag die Here te eer en te dien. Dit beteken dat die mens aan

God erkenning gee as die een wat lewe of dood kan spreek, maar verkies om lewe te spreek.

• Dit is 'n kinderlike eerbied wat met groot oë van aanbidding kyk na die Liefdevolle Vader.

• Enige nadenke oor God begin by die vrees wat ons die Here verskuldig is; vrees vir die HERE is die hoofpunt van wysheid - Psalm 111:10 " *ראשית חכמה יראת יהוה* ". Hierdie vrees is die rasionele en emosionele basis vir 'n gebalanseerde interaksie met God en nadenke oor God.

*die droefheid oor die sonde volgens die wil van God,* - Dit is nie net in die positiewe van geloof en vrees as eerbied dat ons sekerheid kan terugvind nie, maar ook in die stryd en selfs terugslae van die geloofstryd. Die mens wat God nie ken nie, ken nie die konsep sonde nie. Die mens wat God nie ken nie, is nie in lewenslange stryd teen Stofjas en trawante nie, hulle weet nie eens dat die Satan hulle aanval nie. Die mens kan nie in hierdie bedeling die sonde finaal oorwin nie. Ons is net soms meer suksesvol in ons stryd as ander kere. Berou gaan oor meer as net die teleurstelling en ontsteltenis oor onsuksesvolle optredes. Dit gaan oor die besef dat daardie optrede in stryd met God se wil is, en die diepe droefheid wat hierdie besef wakker maak. Dit gebeur nie altyd ewe maklik nie. Dawid het 'n hele pad van bedrog, owerspel en moord gevolg. Dit was met verontwaardiging wat hy Natan se storie aangehoor het oor die arme man se enigste skapie. Dit was eers met die woorde dat hy daardie wrede man is, dat hy sy vergrype raakgesien en toe diep bedroef geraak het. Daardie diepe droefheid oor eie sonde is met ander woorde in omgekeerde sin 'n groot troos vir gelowiges, want in daardie oomblik van bittere spyt en berou, ontvang hulle die versekering dat hulle die uitverkorenes van God is. Ons sien ons sonde raak en kom dan in die gedagte dat God ons haat - ironies is dit daardie sonde bewussyn wat dien as bewys dat God met ons besig is en ons terugroep na Hom toe. Ons moet nie met trots in die sonde volhard nie, maar dit met skaamte erken en daarvan afwyk. Dit is wat uitverkorenes doen.

*die honger en dors na die geregtigheid,* - Net soos ons nooit die sonde finaal kan oorwin nie, kan ons nooit geregtigheid ten volle laat seëvier in hierdie bedeling nie. Om daarna te strewe, om daarna te dors, is ons versekering dat ons eintlik honger na daardie ewige geregtigheid wat ons voorland is. Anders gestel, om aanhoudend te strewe na geregtigheid is 'n waarmerk vir elkeen dat jy uitverkore is.

*ensovoorts* - Hierdie enkele woord is verdere bemoediging vir gelowiges. Daar is meer as die vier waarborge wat reeds aangedui is. Daar is baie skatte in die geloofservaring wat op verskillende tye, op verskillende maniere, met afwisselende intensiteit ons weer en weer oortuig dat ons God se uitverkorenes is.

*Volgende uitgawe Artikel 13 en volgende Artikels.*